education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN – 2008

MEMORANDUM

BEDRYFSEKONOMIE

STANDAARDGRAAD

MEI/JUNIE 2008

PUNTE: 300

Hierdie memorandum bestaan uit 25 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

ANTWOORDBLAD

VRAAG1

1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

1.1.1	A	B **X**	C	D
1.1.2	A	B	C **X**	D
1.1.3	A	B	C	D **X**
1.1.4	A **X**	B	C	D
1.1.5	A	B **X**	C	D
1.1.6	A	B	C **X**	D
1.1.7	A	B	C	D **X**
1.1.8	A **X**	B	C	D
1.1.9	A	B	C **X**	D
1.1.10	A **X**	B	C	D
1.1.11	A	B **X**	C	D
1.1.12	A	B	C	D **X**
1.1.13	A	B	C **X**	D
1.1.14	A **X**	B	C	D
1.1.15	A	B **X**	C	D
1.1.16	A	B	C	D **X**

16 X 3 = 48

1.2 PAS ITEMS

1.2.1	C
1.2.2	D
1.2.3	E
1.2.4	H
1.2.5	B
1.2.6	G

6 X 2 = 12

1.3 WAAR OF ONWAAR

NOMMER	WAAR	ONWAAR
1.3.1	X	
1.3.2	X	
1.3.3		X
1.3.4		X
1.3.5		X
1.3.6		X
1.3.7	X	
1.3.8	X	
1.3.9		X
1.310		X

10 X 2 = 20

1.4 KIES DIE KORREKTE TERM

1.4.1	HANDELSMERK
1.4.2	KALEIDOSKOPIESE
1.4.3	HANDELSKORTING
1.4.4	DUBBELE GEBRUIK
1.4.5	BEGROTING

5 X 2 = 10

1.5 DATAREAKSIE

1.5.1	C / LAE
1.5.2	A / TOP
1.5.3	B / MIDDEL
1.5.4	A / TOP
1.5.5	C / LAE

5 X 2 = 10

	100 PUNTE

RIGLYNE VIR DIE MERK VAN AFDELING B

* **MERK SLEGS DIE EERSTE VYF VRAE IN AFDELING B**

* **VRAE 2 – 9:**

  AS DIE KANDIDAAT GEVRA WORD OM, BYVOORBEELD, VIER FEITE TE NOEM, MOET SLEGS DIE EERSTE VIER FEITE GEMERK WORD.

* **AANVAAR FRASES IN PLAAS VAN VOLSINNE VIR "NOEM / GEE" VRAE.**

* **IN VRAE WAAR DRIE PUNTE VIR 'N FEIT TOEGEKEN WORD, WORD DIT AANBEVEEL DAT KANDIDATE VAN OPSKRIFTE GEBRUIK MAAK SOOS IN DIE MEMO. KANDIDATE KAN DIE VOLLE DRIE PUNTE VERDIEN AS 'N VOLLEDIGE VERDUIDELIKING GEGEE WORD SONDER 'N OPSKRIF.**

* **DIE ANTWOORDE IN DIE MEMORANDUM IS SLEGS 'N RIGLYN. KANDIDATE MAG WOORDE / NAME / KONSEPTE / FRASES VAN ANDER BRONNE GEBRUIK WAT DIESELFDE BETEKENIS HET SOOS DIE WAT IN DIE MEMORANDUM VOORKOM.**
  LEES BAIE VERSIGTIG DEUR DIE ANTWOORD VAN ELKE KANDIDAAT.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2 : BEMARKINGSFUNKSIE

2.1

2.1.1 Informele sektor √√ **(2)**

2.1.2 **TWEE VOORDELE VAN INFORMELE SEKTOR**

- Dit voorsien aan Ethney haar eie inkomstegeleenthede √√
- Skep werk vir die entrepreneur
- Verskaf goedere en dienste aan die verbruiker
- Min kapitaal benodig om te begin
- Toerusting is gewoonlik goedkoop
- Inkomste is nie baie hoog nie – hoef dus nie as BTW-handelaar te registreer nie

ENIGE 2 X 2 **(4)**

2.1.3 **TWEE ANDER VOORBEELDE VAN INFORMELE SEKTOR**

- Vlooimarkte √√
- Mobiele winkels
- Smouse
- Sjebeens
- Tuisbedrywe
- Smousoutomate

ENIGE 2 X 2 **(4)**

2.2

2.2.1 Konsessie ooreenkoms √√ **(2)**

2.2.2 **TWEE MANIERE WAAROP PETROS UIT HIERDIE OOREENKOMS BAAT KAN VIND**

- Administratiewe ondersteuning van eienaars van SPAR.
- Hulp met uitleg van winkel.
- SPAR klante sal sy winkel ondersteun.
- Enige ander toepaslike antwoord. **(4)**

ENIGE 2 X 2

2.3 **VIER REDES WAAROM SPAR 'N GOEIE HANDELSMERK IS**

- Vind byval by publiek en irriteer hul nie √√
- Bevat 'n unieke simbool, merk, grafiese teken of woord wat iets aandui
- Produkreeks kan daarmee uitgebrei word
- Is nie misleidend nie
- Weerspieël gebruikswaarde van produk
- Is in gepaste taal en kan maklik uitgespreek word
- Was maklik registreerbaar by registrateur van handelsmerke
- Bevorder die bemarkingsresep
- Is onderskeidend van mededingers s'n om verwarring uit te skakel
- Kan aangepas word by verpakkings- en etiketsvereistes

ENIGE 4 X 2 **(8)**

2.4 **VIER FAKTORE WAT DIE PRYS VAN 'N PRODUK SAL BEÏNVLOED**

- Behoeftebevrediging √√ - verbruiker wil maksimum behoeftebevrediging teen laagste moontlike prys hê. √
- Aard van vraag – vraag na produk kan elasties of onelasties wees.
- Mededinging – verbruiker sal van mededingers koop as hul pryse laer is.
- Beskikbaarheid van substitute – daar moet noukeurig gelet word op prysbepaling as daar substitute beskikbaar is met dieselfde eienskappe.
- Markvorm – bevind die onderneming hom in 'n volmaakte of onvolmaakte mark?
- Normale handelspraktyke, afslag en kortings – moet dit in gedagte hou want dit sal winste beïnvloed.
- Vasgestelde pryse – deur regering vasgestel.
- Produksie- en verspreidingskoste – sal finale verkoopsprys beïnvloed.
- Reaksie van handelaars – kan weier om produk aan te hou as prys te hoog is.
- Kredietbeleid– koste van krediet moet in prys ingebou word.
- Bemarkingstrategie– pryse sal afhang van strategie gevolg.

OPSKRIF = 2
VERDUIDELIK = 1

ENIGE 4 X 3 **(12)**

2.5

2.5.1 DIREKTE √√

MOTIVERING – Enige toepaslike antwoord rakende die dringendheid, ens. van bloed wat nodig is vir 'n spesifieke saak. √√ **(4)**

[40]

2.1	**10**
2.2	**6**
2.3	**8**
2.4	**12**
2.5	**4**
TOTAAL	**40**

VRAAG 3 : ONDERNEMINGSVORME

3.1

3.1.1 HORISONTALE SAMESMELTING √√

Beide die ondernemings is in dieselfde bedryfstak √√ **(4)**

3.1.2 **TWEE VOORDELE VAN SAMESMELTINGS**

- Ondernemings is meer effektief as tevore√√
- Ondernemings deel hul kennis en ondervinding
- Ondernemings is nie meer in kompetisie met mekaar nie – baklei nie vir markaandeel
- Ondernemings het meer kapitaal
- Beter bestuur
- Skakel duplisering van koste uit
- Verhoogde status
- Ondernemings is minder kwesbaar
- Enige ander toepaslike antwoord

ENIGE 2 X 2 **(4)**

3.2

3.2.1 Vennootskapsooreenkoms√√ **(2)**

3.2.2 **VYF BESONDERHEDE IN DIE OOREENKOMS**

- Doel en aard van die vennootskap √√
- Soort vennootskap
- Naam van die vennootskap
- Bydrae van elke vennoot
- Die verhouding waarin winste en verliese verdeel gaan word
- Die duur van die finansiële periode
- Prosedure met die ontbinding van die vennootskap
- Versekering uitgeneem op die bates van vennootskap en op die vennote
- Hoe geskille besleg word (arbitrasieklousule)
- Wie koste van oudit sal dra
- Rentekoers betaalbaar op kapitaal en onttrekkings
- Salarisse betaalbaar aan vennote
- Omvang van onttrekkings en rentekoers betaalbaar
- Name van die vennote
- Pligte van elke vennoot
- Reëlings vir verlof

ENIGE 5 X 2

(10)

3.3 **VYF VERSKILLE TUSSEN PRIVATE EN PUBLIEKE MAATSKAPPYE**

PRIVATE MAATSKAPPY	**PUBLIEKE MAATSKAPPY**
Verkoop nie aandele aan publiek √√	Verkoop aandele aan publiek √√
Kan nie noteer op JSE Bpk	Kan aandele noteer op JSE Bpk.
Naam eindig met (Edms) Bpk	Naam eindig met Bpk.
Minimum lede: 1	Minimum lede: 7
Maksimum lede: 50	Maksimum lede: bepaal deur aantal aandele uitgereik
Ten minste 1 direkteur	Ten minste 2 direkteure
Reik nie prospektus uit nie	Reik prospektus uit
Aandele nie vrylik verhandelbaar	Aandele vrylik verhandelbaar
Nie verplig om statutêre vergaderings te hou nie	Verplig om statutêre vergaderings te hou
Finansiële boeke hoef nie geoudit te word nie	Finansiële boeke moet geoudit word
Geen minimum inskrywing	Minimum inskrywing voorgeskryf
Begin besigheid met ontvangs van Sertifikaat van Inlywing	Begin besigheid met ontvangs van sertifikaat om met besigheid te begin
Beperkte kapitaal byeengebring	Groot bedrae kapitaal byeengebring

ENIGE 5 X 4 (20)

[40]

3.1	**8**
3.2	**12**
3.3	**20**
TOTAAL	**40**

VRAAG 4 : FINANSÏELE FUNKSIE

4.1 TWEE STAPPE OM OORKAPITALISERING REG TE STEL

- Brei onderneming uit – wend kapitaal meer produktief aan. √√
- Verminder kapitaal – betaal terug of belê

ENIGE 2 X 2

(4)

4.2 DRIE VERSKILLE TUSSEN AANDEELHOUERS EN SKULDBRIEFHOUERS

AANDEELHOUERS	**SKULDBRIEFHOUERS**
Eienaars van die onderneming √√	Krediteure van die onderneming √√
Maak bydrae tot eie kapitaal	Maak bydrae tot geleende / vreemde kapitaal
Het 'n sê in bestuur van onderneming	Het geen sê in bestuur van onderneming
Deel in winste deur dividende te verkry	Deel nie in wins nie. Ontvang rente
'n Register (lys van name) word gehou	'n Register word nie gehou nie
Ontvang slegs dividende as dit verklaar word	Ontvang rente, al is geen wins gemaak nie

ENIGE 3 X 4

(12)

4.3 **VYF ANDER FUNKSIES / PLIGTE VAN DIE KREDIETAFDELING**

Die kredietafdeling moet:
- op hoogte wees van onderneming se kredietbeleid en hoe dit toegepas word √√
- bepaal aan hand van berekende kredietrisiko aan wie krediet toegestaan mag word
- Die kredietterme vir elke klant bepaal
- kontroleer dat klante nie kredietterme oorskry nie
- gereeld rekeningstate aan klante stuur
- volledig rekord van kredietaankope en betaling van rekeninge hou
- agterstallige rekeninge volgens neergelegde kredietbeleid op volg
- Bepaal wanneer daar nie meer op krediet aan 'n klant verkoop mag word nie
- op hoogte bly van veranderinge in handelswêreld wat invloed mag hê op kredietbeleid van onderneming

MOET NIE AANVAAR: BEPAAL KREDIETRISIKO VAN KLANT

ENIGE 5 X 2 **(10)**

4.4 JA √√ **(2)**

DRIE VOORDELE VAN VERSEKERING

- Beskerm die ondernemer van geldelike verliese as gevolg van gespesifiseerde ongewenste gebeurtenisse. √√
- Verskaf gemoedsrus aan ondernemer omdat bepaalde risiko's aan versekeraar oorgedra is.
- Ondernemer kan volle aandag wy aan bestuur van onderneming.
- Langtermynversekeringspolisse kan oorgedra (gesedeer) word aan instansies as sekuriteit vir lenings.
- Die houer van sekere polisse, bv 'n lewenspolis, kan 'n lening op polis aangaan by die versekeraar.
- Stel werknemer in staat om voorsiening te maak vir:
  - Pensioen wanneer hy aftree (uittree-annuïteite)
  - Die risiko dat hy sy werk kan verloor en sonder inkomste sit
  - Mediese uitgawes indien by werk beseer (werkliedeskadeloosstelling)
  - Sy afhanklikes wanneer hy sterf (lewensversekering).

  (**MAKS 1 X 2)**
- Stel werkgewer in staat om voorsiening te maak vir:
  - Eis teen hulle agv onverantwoordelike optrede van werknemers
  - Eise deur werknemers a.g.v. beserings tydens diens
  - Skade en verliese deur werknemers veroorsaak, b.v. diefstal van geld
  - Onkostes a.g.v. dood van senior personeel

  (**MAKS 1 X 2)**

- Lewensversekering bied geleentheid om vir homself en afhanklikes voorsiening te maak vir toekoms.
- Kan gebruik word as 'n vorm van verpligte besparing.

ENIGE 3 X 2 **(6)**

OF

NEE

DRIE NADELE VAN VERSEKERING

- Premies is baie duur
- Bedrog kan plaasvind
- Onderversekering is moontlik
- Die nie-verstaan van bepalings
- Geld is verlore as daar nie geëis word nie
- Enige ander toepaslike nadeel

4.5

4.5.1 $\frac{120\,000\ \surd \times 30\,000\ \surd}{150\,000\ \surd}$

= R 24 000 – 00 √ **(4)**

4.5.2 Aweryklousule √√ **(2)**

[40]

4.1	**4**
4.2	**12**
4.3	**10**
4.4	**8**
4.5	**6**
TOTAAL	**40**

VRAAG 5 : PRODUKSIEFUNKSIE

5.1

5.1.1 Stukproduksie **OF** Onderbroke produksie √√ **(2)**

5.1.2 **VIER VOORDELE /REDES VAN MASSAPRODUKSIE**

- Laer koste per eenheid. √√
- Laer voorraadhoudingskoste per eenheid.
- Werkers raak vinniger behendig in hulle werk.
- Die toerusting/werkers word optimaal benut.
- Daar is beter produksie/kwaliteitsbeheer.
- Produkte se kwaliteit verbeter.
- Laer produksiekoste per eenheid.
- Minder hantering van voorraad.
- Die omsetsnelheid van voorraad verbeter.

ENIGE 4 X 2 **(8)**

5.1.3 **VOORDEEL VAN PRODUKSIESTELSEL AAN VERBRUIKER**

- Goedkoper produkte
- Enige ander toepaslike antwoord **ENIGE 1 X 2** **(2)**

5.2 **TWEE VEREISTES VIR EFFEKTIEWE (GEHALTE) KWALITEITBEHEER**

- 'n Inligtingstelsel wat rekord hou van afwykings. √√
- 'n Toleransiegrens, wat afwykings beperk, moet vasgestel word.
- 'n Ewewig moet in die aantal inspeksiepunte gevind word.
- Meetinstrumente/kriteria moet gevind word.
- Die aantal inspeksiepunte moet vasgestel word.

ENIGE 2 X 2 **(4)**

5.3

5.3.1 **TWEE VASTE BOKOSTE**

Waardevermindering op masjinerie √√
Versekering teen brand
Huur

ENIGE 2 X 2 **(4)**

5.3.2 **TWEE VERANDERLIKE BOKOSTES**

Elektrisiteit √√
Petrol en olie
Los werkers
Indirekte materiaal

ENIGE 2 X 2 **(4)**

5.3.3 **PRIMÊRE KOSTE**

Grondstowwe	R 180 000 √
Direkte Arbeidskoste	+ 155 000 √
Primêre koste	R 335 000 √

(3)

5.3.4 **TOTALE PRODUKSIEKOSTE**

Primêre koste	R 335 000	(√)
Huur	12 000	√
Versekering	5 000	
Waardevermindering	6 500	
Elektrisiteit	7 000	
Petrol en olie	4 500	
Los werkers	3 000	
Indirekte grondstofkoste	2 000	
TOTALE KOSTE	R 375 000	√ √√

INDIEN TOTALE KOSTE VERKEERD IS, GEE 1 PUNT VIR ELKE KOSTE WAT GEïDENTIFISEER IS. **(5)**

5.3.5 **EENHEIDSKOSTE**

375 000 (√)
250 √

= R 1 500 √√ **(4)**

5.3.6 **TWEE VOORDELE VAN BEREKENINGE VIR CATHY VERVAARDIGERS**

- Hulle kan dié berekeninge gebruik om hulle verkoopsprys uit te werk.
- Gebruik dit om te sorg vir regte voorraad en versekering.
- Hulle kan beheer oor verskillende kostekomponente verkry en sodoende koste verlaag.
- Kan besluit of die produk koste effektief is en of daar met produksie voorgegaan moet word.
- Enige ander aanvaarbare antwoord.

ENIGE 2 X 2 **(4)**
[40]

5.1	**12**
5.2	**4**
5.3	**24**
TOTAAL	**40**

VRAAG 6 : ADMINISTRATIEWE FUNKSIE/FINANSIËLE FUNKSIE

6.1

6.1.1 Sentralisasie √√ **(2)**

6.1.2 JA √√ **(2)**

VIER VOORDELE VAN SENTRALISASIE

- Spesialisering is moontlik. √√
- Die verdeling van arbeid is moontlik.
- Standaardisasie van werksprosedures en aktiwiteite is moontlik.
- Kundigheid word verhoog omdat personeel in sekere takke kan spesialiseer.
- Duplikasie van werksaamhede word uitgeskakel.
- Besluite het meer aansien.

(8)

ENIGE 4 X 2

OF

NEE

VIER NADELE VAN SENTRALISASIE

- Moeilik om konfidensiële inligting te hanteer.
- Minder werksbevrediging.
- Dit kan lei tot vertragings.
- Onpersoonlike optrede.
- Beheer is moeilik.
- Stel hoë eise aan kundigheid.
- Demp individualiteit en oorspronklikheid.

6.1.3 **VYF BRONNE VAN INLIGTING INSAKE DIE KREDIETWAARDIGHEID VAN VOORNEMENDE KLANTE**

- Die aansoekvorm vir krediet √√
- Onderhoud
- Sakeverwysings
- Kredietagentskappe
- Bankreferensies
- Werkgewers
- Sakekamers

ENIGE 5 X 2 (10)

6.1.4 **HOE KAN DIE ONDERNEMING DIE VERVOER VAN KONTANT VANAF DIE TAKKE NA DIE HOOFKANTOOR VEILIG MAAK?**

- Maak gebruik van kontantvervoer maatskappye.
- Die werknemer wat die kontant vervoer moet verskillende roetes neem.
- Neem versekering daarteen uit.
- Enige ander toepaslike antwoord.

ENIGE 1 X 2 **(2)**

6.2 **VIER VOORDELE VAN KREDIETHANDEL**

- Die handelaar het meer klante,√ √ - omdat kredietHandel 'n algemene gewoonte van aankope is. √
- Die handelaar het meer gereelde klante - die persoon wat op krediet ankoop , koop gewoonlik by dieselfde handelaar.
- Die verskaffing van krediet kan gebruik word as 'n metode van advertensie - die verskaffing van krediet kan gebruik word om verbruikers aan te moedig om meer by 'n spesifieke handelaar te koop.
- Die handelaar is geregtig om meer vir sy produkte en diens te vra - omdat hy die risiko van nie-betaling dra.
- Adreslys van debiteure mag gebruik word om spesiale aanbiedinge te adverteer.
- Die goeie gesindheid van klante word gewen - hulle koop nou en betaal later.
- Kredietverlening stimuleer die ekonomie - hoër verkope lei tot groter produksie.

OPSKRIF = 2
VERDUIDELIK = 1

ENIGE 4 X 3 **(12)**

6.3 TRANSAKSIEMOTIEF √√

Die beskikbaarheid van kontant om uitgawes te betaal. √√

SPEKULASIEMOTIEF

Om van winskanse wat mag opduik gebruik te maak.

ENIGE 1 X 4 **(4)**
[40]

6.1	**24**
6.2	**12**
6.3	**4**
TOTAAL	**40**

VRAAG 7 : DIE ONDERNEMING EN SY OMGEWING

7.1 VYF DIENSTE VAN DIE SABS

- Bevorder standaardisasie in die handel en nywerheid. √√
- Stel spesifikasies en gebruikskodes op.
- Stel fasiliteite beskikbaar vir die toets van handelsware wat reeds vervaardig is.
- Stel fasiliteite beskikbaar vir die toets van kommoditeite en grondstowwe.
- Beheer die gebruik van standaard- en onderskeidingsmerke.
- Om voorligtingswerk i.v.m. standaardisasie aan te moedig.
- Help met die opstel van spesifikasie- en gebruikskodes.
- Bewerkstellig standaardisasie in handelsware.

ENIGE 5 x 2 **(10)**

7.2 DRIE FUNKSIES VAN SAKEKAMERS

- Bevoordeel die belange van lede deur noue kontak met owerheidsorganisasies.√√
- Bring lede in kontak met organisasies en instellings wat hulle ondernemings kan bevoordeel.
- Lewer 'n diens deur inligting te versamel en te ontleed en dan advies aan die sakekamer / lede te gee.
- Lewer 'n spesifieke diens op 'n versoek van lede, b.v. onderhandelinge.
- Stel belangrike inligtingstukke aan lede beskikbaar.
- Bied kursusse en seminare aan lede, sodat hulle potensiaal kan ontwikkel.
- Tree as arbiter op by geskille tussen lede.
- Skakel onbillike mededinging uit.
- Bestudeer nuwe wette en regulasies en bring dit onder die aandag van lede.
- Verkry eenvormigheid betreffende lone en winkelure.

MOET NIE AANVAAR: DIE BEVORDERING VAN HANDEL EN OM MEDEDINGING TE ELIMINEER.

ENIGE 3 X 2 **(6)**

7.3 **VIER DIENSTE VAN DIE JOHANNESBURGSE SEKURITEITEBEURS**

- Beskerm beleggers √√ deur streng noteringsvereistes toe te pas. √
- Moedig klein beleggers aan om ook aandele aan te koop.
- Dien as 'n belangrike skakel tussen beleggers en bedryfsleiers- die JSE voorsien 'n mark vir verhandelbare aandele.
- Bied fasiliteite aan finasiële instellings aan om hulle fondse in aandele te belê wat maklik weer in kontant omgeskakel kan word.
- Bied die geleentheid dat aandele deur 'n groot aantal kenners die waarde van aandele kan skat.
- Publiseer aandeelpryse daagliks - sodat beleggers voortdurend op hoogte gehou word.
- Is 'n sensitiewe barometer van die ekonomiese toestande in die land.
- Bied die geleentheid dat beleggers hulle aandele relatief maklik in kontant kan omsit by die JSE.
- Lewer ‘n belangrike bydrae tot die ekonomiese stabiliteit en groei van Suid-Afrika deur voorsiening te maak vir verhandelbare sekuriteite.

OPSKRIF = 2
VERDUIDELIK = 1

ENIGE 4 X 3 **(12)**

7.4

7.4.1 **BANK VAN UITGIFTE**

- Uitgee van note – die SARB het die alleenreg om note uit te gee. √√
- Uitgee van munte – die SARB het die alleenreg om munte uit te gee. √√ **(4)**

7.4.2 **BEWAARDER VAN KONTANTRESERWES**

- Die SARB hou verpligte kontantreserwes van finansiële instellings. √√
- Hierdie reserwevereistes word van tyd tot tyd deur die SARB aangepas. √√ **(4)**

7.4.3 **BANKIER VAN DIE STAAT**

- Die Reserwebank administreer die vernaamste rekeninge van die staat. √√
- Die bank lewer ook finansiële bystand aan die regering en tree ook as adviseur op verskillende maniere op. √√ **(4)**

[40]

7.1	**10**
7.2	**6**
7.3	**12**
7.4	**12**
TOTAAL	**40**

VRAAG 8 : DIE FUNKSIE VAN ALGEMENE BESTUUR

8.1 VIER VOORDELE VAN DIE LYNORGANISASIESTRUKTUUR

- Eenvoudig en maklik verstaanbaar. √√
- Net een toesighouer gee instruksies.
- Elke persoon weet presies wat sy verantwoordelikheid en gesag is omdat dit duidelik omskryf is.
- Bestuur/ beheer is maklik omdat die spanwydte van leiding beperk is.
- Besluite en aksies word vinnig gegee omdat die aantal afdelings beperk is.
- Veranderinge in omstandighede en gepaardgaande besluite word vergemaklik.

ENIGE 4 X 2 **(8)**

8.2

8.2.1 NEE √√ **(2)**

TWEE REDES VIR JOU ANTWOORD

- Geen skriftelike waarskuwing √√
- Geen prosedure is gevolg nie
- Enige aanvaarbare antwoord

ENIGE 2 X 2 **(4)**

8.2.2 VIER BEGINSELS VAN DISSIPLINERING

- Reëls en regulasies moet opgestel word.
- Oortreder moet die kans gegun word om sy saak te stel
- Korrektiewe optrede moet voorgestel word
- Dieselfde straf moet vir dieselfde oortreding geld
- Opvolging van oortreding moet onmiddelik plaasvind
- Die skuldige moet nie voor sy mede kollegas aangespreek word nie.

ENIGE 4 X 2 **(8)**

8.3 VYF BEGINSELS VAN BEPLANNING

- Beplanning moet realisties en uitvoerbaar wees. √√
- Beplanning moet wetenskaplik wees
- Beplanning moet buigbaar wees
- Misverstande moet vermy word en beplanning moet duidelik wees
- Beplanning moet in skrif wees
- Die soort beplanning is belangrik en moet duidelik omskryf wees
- Effektiewe kommunikasie is noodsaaklik
- Die tydsduur van beplanning is belangrik
- Beplanning moet in skrif wees
- Beplanning is 'n middle tot 'n doel en nie 'n doel opsigself nie

ENIGE 5 X 2 **(10)**

8.4 **VIER MANIERE HOE WERKERS GEMOTIVEER KAN WORD**

- Versekering dat hulle kan aanhou werk √√
- Deelname in besluitneming
- Goeie werksomstandighede
- Bevorderingsgeleenthede
- Erkenning vir goeie werk
- Verhoging in lone/salarisse
- Leierskap of bestuur met 'n doel
- Menswaardige behandeling
- Enige aanvaarbare antwoord

ANY 4 X 2 **(8)**
[40]

8.1	**8**
8.2	**14**
8.3	**10**
8.4	**8**
TOTAAL	**40**

VRAAG 9 : ALLERLEI

9.1 VYF VOORDELE VAN REKLAME

- Verhoog die lewensstandaard asook die vlak van onderwys van die verbruiker. √√
- Beklemtoon die bevrediging van behoeftes en stel ook die produk aan die verbruiker voor.
- Verseker die distribusie van produkte en help ook hiermee om produksie-volumes te verhoog.
- Verkoopslui se taak word vergemaklik.
- Dien ook as middel vir produk-verbetering en -ontwikkeling.
- Word gebruik om handelaars en verbruikers te herhinder aan die produk asook ondersteuning.
- Klante word beskerm.
- Beter dienslewering word verkry.
- Werwing van geskikte personeel word vergemaklik.

ENIGE 5 X 2 (10)

9.2 VYF KENMERKE VAN ’N BESLOTE KORPORASIE

- Een tot tien lede.√√
- Het 'n aparte regspersoon
- Het 'n onbeperkte voortbestaan.
- Die lede het beperkte aanspreeklikheid.
- Die onderneming betaal inkomstebelasting.
- Sy eie lede bestuur die onderneming.
- Lede het 'n belang wat in persentasie uitgedruk word.
- Die naam eindig met BK.
- Net natuurlike persone mag 'n BK vorm.
- Relatief maklik om te stig.

ENIGE 5 X 2 (10)

9.3 VYF ONETIESE PRAKTYKE

- Misleidende advertensies. √√
- Om vals behoeftes aan te moedig.
- Die aantas van ras, taal, godsdiens, gebruike en geloofsoortuigings.
- Om vals inligting te versprei / 2de handse produkte as nuut
- Om mededingers te kritiseer
- Adverties van swak smaak
- Emotionele beïnvloeding van verbruikers
- Misbruik van kinders

ENIGE 5 X 2 (10)

9.4 **VYF VOORDELE VAN 'N EENMANSAAK**

- Die eienaar kan maklik by veranderde omstandighede aanpas. √√
- Omdat die eienaar self betrokke is, spoor dit die eienaar aan om sy beste te lewer.
- Die eienaar doen ondervinding van al die aspekte van die sakewêreld op.
- Vertrouensverhouding ontstaan tussen die eienaar, werkers en klante.
- Gesonde kompetisie kan ontstaan.
- Vinnige besluite kan geneem word.

MOET NIE AANVAAR: MAKLIK OM TE BEGIN EN TE EINDIG

ENIGE 5 X 2 **(10)**

9.5 **VYF DOKUMENTE WAT 'N PRIVATE MAATSKAPPY MOET INDIEN VIR REGISTRASIE**

- Die oorspronklike Akte van oprigting √√
- Die oorspronklike Statuut
- Die reservering van die voorgestelde naam van die maatskappy
- Vertaalde of verkorte naam van die maatskappy
- Die onderneming se geregistreerde kantoor en posadres
- Die name van die direkteure
- Die ooreenkoms van die direkteure om as sulks op te tree
  Die ooreenkoms van die ouditeure waar hulle staaf dat hulle as ouditeure van die onderneming sal optree
- Bewys van betaling van die voorgeskrewe gelde
- Bewys van magtiging deur die promotors aan die persoon wat die dokumete namens hulle indien

ENIGE 5 X 2 **(10)**

9.6 VYF VEILIGHEIDSMAATREËLS

- Bied spesiale opleidingskursusse aan werkers aan waar aktiwiteite onveilig is.
- Voorsien en spoor werkers aan om veiligheidstoerusting soos beskermende klere en ander toerusting te dra.
- Stel veiligheidsmaatreëls op en sorg ook vir die korrekte fabrieksuitleg.
- Neem voorsorg om die volgende aan te moedig: netheid, veiligheid, gesondheidsorg - wat insluit sanitasie, ventilasie, beligting ens.
- Hou alle gereedskap en toerusting op voorgeskrewe plekke.
- Voorsien voldoende fasiliteite aan werkers.
- Maak voorsiening vir noodsituasies deur eerstehulp toerusting beskikbaar te hê.
- Neem brandvoorkomingsmaatreëls bv:
    - Elke kamer moet twee uitgange hê
    - Brandontsnappingsroetes moet beskikbaar wees (trappe)
    - Brandbestrydingstoerusting moet beskikbaar en binne bereik wees.
    - Stoor vlambare, ontplofbare en gevaarlike goedere onder die grond.
    - Rig brandmure op waar nodig.

(**MAKS 2 X 2)** **(10)**

ENIGE 5 X 2 **[40]**

9.1	**10**
9.2	**10**
9.3	**10**
9.4	**10**
9.5	**10**
9.6	**10**
TOTAAL	**40**

Kopiereg voorbehou